

# Tema trek pragtige foto's

## SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

As 'n mens mooi gaan dink, is daar eintlik 'n legio onderwerpe wat 'n mens vir vanjaar se tema "Die seisoene in landbou", kan afneem. Ons as beoordelaars is elke keer verras as ons die foto's ontvang om te sien watter spogfoto's dié keer ingestuur is.

Soos wat Ansie Podges, ons Junie-wenner, vertel: "Ek speel baie met my kamera en stuur so nou en dan iets in. Volksrust is bekend dat dit 'n koue plek is, maar dit kan mooi ook wees. Die foto is by my buurvrou geneem." So komaan, vat jou kamera en gaan loop 'n bietjie op die plaas rond en kyk met nuwe, vars oë na die bekende om jou.

Ons kan nie wag om julle foto's en interpretasie van die tema te sien nie.



Ansie Podges, van Volksrust, se sneefoto "September-lenteverrassing op Klafervley", het aan haar 'n eerste plek besorg.

 **PIONEER.**  
BRAND • PRODUCTS

**Phb 32W71**

 **PIONEER.**  
BRAND • PRODUCTS

**Phb 32W72 B**



**PIONEER.**  
A DUPONT BUSINESS

Tel: +27 12 683 5700 [www.pioneer.com](http://www.pioneer.com)

Die Beste in die Ooste en op Watertafels in die Weste!!



Baie geluk aan Petro Sutherland, van Hopetown, wie se foto "Deur al die seisoene heen, dien hierdie ou verroeste lyndraad steeds sy doel", vir haar 'n eerste plek in die Mei-uitgawe besorg het. Hiermee steek sy R1 000 kontant, met komplimente van Sasol Nitro, in haar sak.



2<sup>de</sup>

Carla Diener, van Bellville, se foto "Kanola skoonheid" behaal 'n tweede plek.



3<sup>de</sup>

In die derde plek is Johan Norval, van Bloemfontein, se foto "Seisoen van nostalgjie...". Van toeka met sy ossewa tot nou! Die helderkleurige ysterwiel van die Amerikaanse Emerson Brantingham Big 4-30 van 1913, knars met ploeg en al deur 'n landery op die Sandstone-landgoed net noord van Ficksburg. Op sy hakke is die meer moderne agtwiel John Deere 9400-monster. Let ook op die span osse op die agtergrond wat 'n ossewa trek. ■

**A**mateurfotografie het vanjaar weer die geleentheid om te deel in R32 000 kontant! Laat jou kamera kliek en stuur vir ons jou foto's van vanjaar se tema "Die seisoene in landbou".

Dit kan letterlik (as natuurlike seisoene) of figuurlik (as bewerkingsseisoene) geïnterpreteer word. Jy kan byvoorbeeld die perskebloei in die lente, die herfsblare aan die wingerd of die groen koringlande in die winter afneem of jy kan foto's van die plantseisoen of stroopseisoen instuur. Komaan: Verras ons met jou interpretasie van dié tema.

### Hoe werk dit?

Vanaf Januarie 2012 word daar vir twaalf uitgawes elke maand 'n wenner aangewys en Sasol Nitro borg weer die pryse. Die **maandelikse wenner** stap weg met 'n **kontantprys van R1 000** en die twaalf finaliste kom in aanmerking vir **R10 000 (wenner)**, **R7 000 (naaswenner)** en 'n **derde prys van R3 000**.

Stuur foto's na [elmien@infoworks.biz](mailto:elmien@infoworks.biz) of aan Elmien Bosch, Postnet Suite 32, Privaat sak X10, Flamwood, 2572.

**Sluitingsdatums:**  
**Julie 2012: 7 Julie**  
**Augustus 2012: 7 Augustus**



## 5<sup>de</sup> SA Graan/Sasol Nitro fotokompetisie aangebied



### KOMPETISIEREËLS

1. Slegs amateurfotografie (dit wil sê persone wat nie 'n bestaan maak uit foto's neem nie) mag vir die kompetisie inskryf.
2. Deelnemers kan 'n maksimum van drie foto's (waarvan die tema verskil) per uitgawe inskryf. Indien meer as drie foto's ingestuur word, sal die eerste drie foto's wat ontvang is, vir die kompetisie in aanmerking geneem word.
3. 'n Deelnemer wat 'n maandwenner is, kan vir die daaropvolgende drie uitgawes nie inskryf nie.
4. Inskrywings moet die tema "Die seisoene in landbou" uitbeeld.
5. Die fotograaf moet 'n fotobyskrif asook sy posadres en telefoonnommer/s saam met die foto verskat.
6. Persone wat deel van die onderwerp van die foto is, moet geïdentifiseer word (verskat naam en van). Indien dit 'n generiese foto is van byvoorbeeld 'n groep plaaswerkers wat mielies optel, is identifikasie nie nodig nie.
7. Foto's wat ingeskryf word, moet uniek wees en nie oor dieselfde tema handel as foto's wat vir 'n ander fotokompetisie ingeskryf is nie. Foto's wat ingeskryf word, mag ook nie voorheen gepubliseer wees nie.
8. Foto's mag nie digitaal gemanipuleer wees nie. Dit beteken dat 'n mens nie agterna aan die foto mag verander deur byvoorbeeld 'n lastige boom digitaal te verwyder, 'n mooi blom op die agtergrond by te voeg of elemente van die foto nader aan mekaar te skuif nie. 'n Fotograaf mag egter die foto sny (crop) om ongewenste dele aan die bo-, onder- of sykant weg te laat. Moenie aan die kontras stel nie.
9. Fotografie kan elke maand tot en met die afsnytyd hul foto's instuur. Inskrywings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal vir die volgende maand se kompetisie ingeskryf word.
10. Slegs e-pos-inskrywings of foto's wat op CD verskat word, sal aanvaar word. Die foto's moet in elektroniese formaat wees, nie groter as 3 MB elk nie, in JPG-formaat en nie kleiner as 10 cm x 15 cm nie. Indien foto's met 'n filmkamera geneem word, moet dit teen 'n resolusie van 300 dpi geskandeer word.
11. Foto's wat met selfone geneem is, sal nie aanvaar word nie.
12. 'n Paneel, wat bestaan uit 'n professionele fotograaf, 'n verteenwoordiger van SA Graan/Grain en Sasol Nitro, sal die foto's maandeliks beoordeel.
13. SA Graan/Grain behou die reg voor om foto's wat onduidelik is of nie aan die kompetisieëls voldoen nie, af te keur.
14. Inskrywings is gratis.
15. Alle inskrywings word die eiendom van SA Graan/Grain – dit sluit die CD's in waarop die foto's verskat is. Die foto's sal in 'n databank gebêre word en SA Graan/Grain en Sasol Nitro mag dit vir toekomstige promosie-, bemarkings- en publikasiedoeleindes gebruik. Deur in te skryf, stem die deelnemer in daartoe en geen eise van derde partye vir skending van kopiereg sal ingedien word nie.
16. Werknemers van Sasol Nitro, Graan SA of Infoworks mag nie vir die kompetisie inskryf nie.